

16/5/69: Opgestel op versoek
van mev. J. J. Oortman

'N PAAR GEDAGTES OOR STELLENBOSCH AS VOLKSUNIVERSITEIT H.B.T.

191.A.1 (45)

Daar is al dikwels gesê dat Stellenbosch 'n volksuniversiteit is. Baie het daarvan gehou, baie ook nie.

Die feit bly egter staan dat die Universiteit van Stellenbosch uit die nood van die Afrikanervolk gebore is. Die Teologiese Kweekskool van die N.G. Kerk is in 1859 op Stellenbosch gestig. Die ou Stellenbosch Gimnasium, die eerste voorloper van die Universiteit, is sewe jaar later geopen om jong manne voor te berei vir toelating tot die Kweekskool, en ook om hulle op te lei in (soos die ou akte van oprigting lees), „alle vakke welke tot een beschaafde opvoeding behooren”. Die ou Gimnasium het spoedig 'n ware geestelike tuiste geword vir baie jong manne, op wie se lewens dit al vroeg 'n diepe indruk gelaat het. Die ontstaan van die hoër onderwys op Stellenbosch, aanvanklik met net vyf studente, was 'n merkwaardige gebeurtenis; die geweldige groei en bloei daarvan tot die groot universiteit van vandag, en dit teenaan - en soms ten spyte van - die groot moederstad met al sy trekkrag, is voorwaar 'n wonderwerk.

Dit kon net gebeur omdat Stellenbosch in 'n diepe behoefte van die volk voorsien het; omdat hy al vroeg 'n volksuniversiteit geword het; omdat hy - soos wyle dr. D.F. Malan gesê het - vir 'n idee gestaan het, # 'n idee: om vir 'n worstelende jong volk 'n verskerping, verstewiging en veredelning van die gees te bring.

Die Universiteit het met verloop van jare vir tal van studierigtinge voorsiening gemaak: vandag is daar twaalf fakulteite, waardeur manne en vroue vir vrywel alle belangrike arbeidsterreine van die lewe voorberei word. Dit het dikwels nie maklik gegaan om hierdie voorsiening te maak nie, want sommige van die studierigtinge verteenwoordig duur vakgebiede, en dit was nie 'n geval dat alles maar van die Regering gekom het nie. Die volk moes sy hand in sy sak steek, maar hy het dit gewilliglik gedoen, en so het ons bv. ons Fakulteite van Ingenieurswese, Geneeskunde en Tandheelkunde gekry.

As volksuniversiteit moet Stellenbosch ook studierigtinge aanbied wat nie „ekonomies” is, in die sin dat dit groot staatsubsidie verdien of baie klasgelde oplewer nie, maar wat wel kultureel en esteties vir die vooruitgang van

die/.....

die volk noodsaaklik is: rigtinge soos biblioteekkunde, musiek, drama en beeldende kunste. Ook in hierdie gevalle het Stellenbosch nie in gebreke gebly nie; en dit was sy oud-studente en ander vriende wat hom gehelp het om onverskrokke na vore te tree.

In ander gevalle moes daar weer aan besondere behoeftes voldoen word: versoeke het van staatsdepartemente gekom, bv. van die Departement van Verdediging, van sentrale en provinsiale onderwysowerhede, van invloedryke instansies in die samelewing, van plaaslike owerhede en oral het die Universiteit op dinamiese wyse opgetree om, waar hy ook maar kon, in wesenlike behoeftes te voorsien.

Ons fasiliteite staan vir alle blanke taalgroepe oop, maar histories het dit op natuurlike wyse só geword dat ons studente oorwegend Afrikaanssprekend is; en wat aan hulle geleer word, word vrywel deurgaans in Afrikaans geleer. Hiermee gaan saam - soos kenmerkend van die Afrikanervolk is - 'n gesonde, voortuitstrewende konserwatisme (al klink dit vir sommige na 'n teenspraak!), wat in sy gebondenheid aan godsdienstige en sosiale plegankers, 'n mens koers laat hou in 'n veranderende, verbysterende wêreld. Of mense daarvan hou of nie, is nie ter sake nie. Wat wel ter sake is, is dat dit só is; en dit is só, omdat die Afrikanervolk só is.

Of 'n universiteit werklik 'n volksuniversiteit is, hang nie net daarvan af wat hy leer en hoe hy dit leer nie. Dit hang veral ook daarvan af wat sy produkte is. Lewer hy die manne en die vroue wat op velerlei terreine as ware leiers van die volk daarbuite optree? Lewer hy die manne en die vroue wat uit die midde van die volk gekom het, en wat hulle weer op onbaatsugtige wyse in die midde van die volk diensbaar gaan stel het? Wat dit aangaan, het Stellenbosch - soos welbekend is - vir Suid-Afrika 'n bydrae van onberekenbare waarde gelewer: op die gebied van die staatkunde, die Kerk, die onderwys, die sakelewe, die industrie, die joernalistiek en die literatuur, die tegnologie, die gesondheidsdienste en nog baie ander terreine; staan daar in die diens van Suid-Afrika tal van manne en vroue ^{vir} ~~van~~ wie Stellenbosch ^{hulle} ~~die~~ Alma Mater is.

Stellenbosch/.....

Stellenbosch is uit die nood van die Afrikanervolk gebore, hy is deur die Afrikanervolk sterk gemaak, en hy het nog steeds die Afrikanervolk, *en* inderdaad die hele Suid-Afrika, gedien. Hy is in die hart van Suid-Afrika veranker, en sy lotgevalle is onlosmaaklik met dié van Suid-Afrika ineenge-weef. Hy het as volksuniversiteit 'n betroubare vuurtoring geword, wat al dikwels in 'n siedende see van onstuimige verwarring 'n baken van bestendigheid en bron van vertrouwe geword het.

Niks wat met mensehande gemaak is, is volmaak nie - en Stellenbosch het seker ook sy tekortkominge. Maar ons aanvaar hom, met sy tekortkominge en al, as volksuniversiteit; en miskien is sy „tekortkominge” juis dié wat mense soms 'n volksuniversiteit ten laste lê.

Stellenbosch sal die hart van die volk in hom moet bly omdra; hy sal oor die groot geestelike waardes van die volk moet bly waak, hy sal op wel-oorwoë, waardige wyse leiding aan die volk moet bly gee. Dit is die eise waaraan hy in die verlede voldoen het, en dit is die eise waaraan hy ook in die toe-koms sal moet voldoen. Hierdie eise geld nie net vir die Universiteit as vae, onpersoonlike begrip nie, maar inderdaad vir almal wat aan die Universiteit ver-bonde is: dosente, studente, oud-studente - almal.

Slegs as almal in die toekoms nog steeds aan hierdie eise getrou bly, sal Stellenbosch wees wat hy in die verlede nog altyd was - 'n ligpunt vir die volk, 'n ware volksuniversiteit.

* * * * *